

OPDRAG 6B
MERK GEDIG 2: DIE SNOEK

MEMORANDUM:

1. Die leser kan verwag om iets oor 'n spesifieke vis te lees; 'n snoek wat jy dalk gevang het of een wat jy dalk geëet het. (1)
2. Die woord "Ons" bewys dit. (1)
- 3.1. Die spreker/ die ek-verteller (1)
- 3.2. Aanhaling: "druk hom onder jou arm in vas"
Aanhaling: "jy, die roeier, sê hoe om te maak". (2)
4. Om raad te gee. / Om te sê wat om te doen / Om te sê hoe om vis te vang (enige iets soortgelyk) (1)
5. Handlyn en hoek (1)
6. Gee **kort plukkies met handlyn** en **as jy die vis voel, pluk vinnig – pluk** hard en **gryp** die vis. (Eie woorde – nie aanhalings nie) (2)
7. Reël 6: "versigtig vir die tande" (1)
8. Die visserman moet die snoek se nek breek. (1)
9. wending (1)
10. Die visserman moet die snoek in die boot inpluk anders gaan die snoek wegkom. (1)
11. By die huis en nie meer op die boot nie. (1)
- 12.1. Hy is angstig/ gretig/ vasberade om snoek te vang. (1)
- 12.2. Spyt (1)
- 12.3. "Maar hoe kon ek weet" (1)
13. B. 'n neologisme (1)
14. Hy het 'n les oor lewe en dood geleer: hy nie geweet dat die snoek sou vasbyt aan die lewe nie/
Hy het nie besef dat die snoek sou veg om nie dood te gaan nie. (1)
15. die gespartel van die snoek aan die lyn./
die s-beweging van die snoek se lyf (1)

16. beklemtoon die feit dat die vis nie meer lewe nie. (1)
 17. Visse kry die suurstof wat hulle aan die lewe hou uit die water. (1)
 18. “gulp” (1)
 19. starende oë / oë wat aanhou staar (NIE nekbreek NIE!) (1)
 20. Dit wys hoe die snoek se kiewe smag na waterlug/ suurstof in die water. (1)
 21. Oop vraag. Gee ‘n antwoord soos:
Visse is ‘n bron van voedsel, daarom mag hulle gevang en doodgemaak word.
Visse het ook ‘n reg om te lewe. (1)
- [25]

ADDISIONELE VRAE EN ANTWOORDE

1. Wat is die verskil tussen ‘n visserman en ‘n hengelaar in die volksmond?
Visserman: Iemand wat vis vang om ‘n lewe te maak of te eet. Die visse word dus doodgemaak.
Hengelaar: Iemand wat visvang as ‘n sport beoefen. Visse word nie doodgemaak nie, maar word teruggegooi in die water.
2. Word daar dus in hierdie gedig van vissermanne of hengelaars gepraat?
Vissermanne.
3. “Ons in die roeiboot, jý” (reël 1)
Hoe word jý dubbel beklemtoon?
Dit staan aan die einde van die versreël.
Daar is ‘n akute op die y.
4. Wie is waarskynlik die jý?
Die spreker se pa.
Pa’s leer gewoonlik hulle seuns om vis te vang.
5. Daar kan gesê word dat die spreker ‘n blamerende toon het teenoor die jý.
Waarom, dink jy, praat die spreker op so ‘n manier met die jý?
Die spreker het gedink die visvang gaan ‘n aangename ondervinding wees, maar toe moes hy die snoek doodmaak deur sy nek te breek.

6. Om snoek te vang, het jy spesiale tegnieke nodig. Maak 'n lys (in volgorde) van al die instruksies (7) wat gevolg moet word.
1. Gee kort rukkies aan die handlyn.
 2. As 'n snoek byt, ruk vinnig en hard.
 3. Pluk die snoek in die boot.
 4. Gryp die snoek vas.
 5. Druk hom onder jou arm vas.
 6. Haal die hoek uit.
 7. Breek die snoek se nek.
7. Wat impliseer “kort rukkies”?
Dit impliseer dat die visserman sagte rukkies (plukkies) gee om die snoek te lok.
8. Die ritme van reël 3 en 4 is baie staccato.
Motiveer hier die stelling.
Dit beklemtoon die ruk-aksie van die visserman.
9. Waarom word “pluk” (reël 4) en “gryp (reël 5) aan die einde van elke versreël geplaas?
Dit lê ekstra klem op hierdie twee aksies.
10. Wat is die funksie van die enjambement aan die einde van reël 4?
Dit versterk die beweging van die snoek uit die water tot in die boot.
11. Die parentese bevat 'n waarskuwing.
Waarom word die spreker teen die tande van 'n snoek gewaarsku?
Snoek het gevaarlike skerp tande.
12. Dui die kontras tussen reël 3 en reël 4 tot 9 aan.
Die hele proses begin met sagte bewegings, maar sodra 'n snoek byt, word die bewegings harder en al hoe aggressiewer.
13. Dui die progressie aan wat voorkom vanaf reël 3 tot 9.
Dit progresseer van sagte, kort rukkies tot by die breek van die snoek se nek.
14. Gee DRIE funksies van die tipografiese wit gedeelte in reël 10.
- Die nekbreek van die snoek was 'n skok en bly by die spreker.
 - Dit dui aan dat tyd verbygegaan het – die spreker is nie meer op die boot nie.
 - Dit lê klem op die kontras wat ingelui word met “Maar”.
15. Watter gevoel druk die spreker uit met reël 10?
Hy is baie spyt dat hy die snoek se nek moes breek.

16. Waarom voel die spreker só?
Hy was nie voorbereid oor die les oor lewe en dood wat hy uit daardie ondervinding geleer het nie.
17. Voltooi die sin deur die KORREKTE woord in te vul.
Die vrae wat in strofe 2 gevra word, word ... vrae genoem.
retoriese
18. Wat is die funksie van die s-alliterasie in reël 14?
Dit versterk die gespartel van die snoek.
19. “sy kiewe gulp/ na waterlug (reël 15-16)
Wat beteken hierdie aanhaling?
Net soos ’n mens na asem sal snak as jy skielik nie meer suurstof kry nie, probeer die vis om weer van die suurstof in water te kry sodat hy kan lewe.
20. “waterlug” (reël 16) is ’n neologisme.
Waarna verwys “lug” in hierdie woord?
Die suurstof in die water.
21. Wat is die funksie van die ritme wat stadiger word in reël 14 tot 17?
Dit versterk die gedagte dat die vis stadig doodgaan.
22. Waarna verwys “gulp/ na” (reël 15 en 16) en “oë”/ snags” (reël 16 en 17)
Dit gee die gevoel van dislokasie (ontwrigting) – soos ’n vis uit die water.
23. Wat is die funksie van die s-alliterasie in reël 17?
Dit beklemtoon die uitdrukking in die snoek se oë wat die spreker nie kan vergeet nie.
24. Waarom, dink jy, verwys die spreker spesifiek na “snags” in reël 17?
’n Mens slaap in die nag. Die spreker kry dus nagmerries van die snoek wat hy moes doodmaak.
25. Wat is die tema van die gedig?
Die worsteling oor lewe en dood.
26. Dink jy dit is etiese probleem om diere dood te maak om geëet te word?
Motiveer jou antwoord.
Ja/Nee
Leerlinge se eie sinvolle opinies.